

20 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17
Fokusgedeelte: Kolossense 3:17

Dank God met jou lewe

Dit is 'n groot verantwoordelikheid om namens iemand iets te doen. Wanneer ons in iemand se naam iets doen, moet ons so optree asof die persoon self dit doen. Om alles wat jy sê of doen, in die Naam van ons Here Jesus te doen, is 'n groot verantwoordelikheid. Ons Here Jesus is immers God se Seun wat aan sy regterhand sit. Hy is die Here, dié Regeerder, oor alles wat ons kan sien en ook nie kan sien nie.

Om alles wat ons doen, in ons Here se Naam te doen, is nie 'n taak wat God ons oplê sodat ons verlos kan word nie. Inteendeel. Dit is die gevolg van ons verlossing. Dit is 'n manier hoe ons vir God en die wêreld wys ons is dankbaar dat God ons uit die mag van die dood geruk het en tot die lewe gebring het.

Omdat ons Here Jesus Christus ons van die mag van die sonde bevry het, moet ons ons instel om met ons sondige gewoontes te breek. Ons wys ons dank teenoor God wanneer ons ons instel om seksueel rein te leef, tevrede is met die materiële gawes wat God ons gee, ons ons humeure in toom hou, nie platvloers praat of lieg nie.

Ons wys dat ons werklik dankbaar is vir God se genade wanneer ons Hom smeek om die werking van sy Gees in ons lewens, en dan ook toelaat dat sy Gees in ons lewens vrug dra. Ware dankbaarheid stel ons in staat om alles wat ons sê of doen, in die Naam van ons Here Jesus te doen. Dankbaarheid maak dit vir ons moontlik om namens Hom in hierdie wêreld op te tree.

Sing: Psalm 33-1:1, 2

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)